

OORWINTERING VAN SKAPE IN DIE SOMER REËNVALGEBIEDE VAN SUID-AFRIKA

Groenvoer (droëlands)

saamgestel deur

Dr Arno Moore & Dr Louis du Pisani

1 INLEIDING

Produsente moet deeglik besin oor die sleutelvraag: Waarom groenvoer? Groenvoer is duur en maak slegs ekonomiese sin waar dit aangewend word vir die afronding van lammers vir bemarking. As dit korrek aangewend word, kan dit miskien ook vir lammerooie winsgewend aangewend word, maar slegs as ander voerbronne uitgeput is. Die produksie van droëland groenvoer is ook wisselvallig.

Indien groenvoer verbouing u keuse is, is daar 'n paar belangrike aspekte om in gedagte te hou.

2 BESTE PRODUKSIE PRAKTYKE

2.1 Besikbaarheid van water voor vestiging

In die somerreënvalgebied is reënval gedurende die groenvoer se groeifase relatief laag. Daarom is dit belangrik om reeds voor vestiging genoeg plantbeskikbare water in die grond te hê. 'n Duimreël is, dat 100mm plantbeskikbare water in die grond tydens plant sowat 2,3 ton droëmateriaal/ha behoort te lewer; 150mm omtrent 3,9 ton droëmateriaal/ha en 200mm omtrent 5,5 ton droëmateriaal/ha.

Die beskikbaarheid van water in die grondprofiel word hoofsaaklik deur gronddiepte, klei-inhoud en onkruidbeheer. Byvoorbeeld, 'n grond van 1m diep se waterhouvermoë wissel van 120mm vir kleigrond tot 110mm vir sanderige grond. Indien daar nie met plant minstens 100mm water in die grondprofiel is nie, raak droëland groenvoerverbouing in die somerreënvalgebied 'n groot risiko.

2.2 Keuse van kultivars en tipes

Die keuse van 'n kultivars is dikwels meer belangrik as die keuse van gewas, alhoewel 'n groot aantal tussen 1993 en 2000 bewys het dat rog gemiddeld 'n betekenisvol hoër produksie as hawer of korog het.

Die LNR se Veld en Weidingsinstituut onderskei drie tipes groenvoere, te wete kort-groeiseisoen, medium-groeiseisoen en lang-groeiseisoen tipes.

- Kort-seisoen tipes blom vroeg en is klaar geproduseer teen die einde van Julie.
- Medium-seisoen tipes blom effens later en is klaar geproduseer teen die middel van Augustus.
- Lang-seisoen tipes blom heelwat later en is klaar geproduseer teen die einde van September.

Hierdie indelings geld vir herfs-vestigings.

Kultivar-proewe het verder bewys dat lang-seisoen kultivars se produksie gemiddeld 50% hoër is as die van kort-seisoen kultivars. Dit geld vir die onderskeie kultivar-tipes binne al die groenvoergroepe, naamlik rog, hawer en korog.

Kies dus die regte tipe volgens u spesifieke voervloei-behoefte. As u byvoorbeeld voer teen middel Mei benodig, plant dan 'n kort-seisoen kultivar (soos rog SSR727). Of, as u eers voer vanaf Augustus benodig, kies dan 'n lang-seisoen kultivar (soos rog SSR729).

2.3 Bemesting van droëlandse groenvoer

Kunsmis is duur. Die volgende algemene aanbevelings geld:

- Stikstof (N) – Die effek op produksie hang saam met beskikbaarheid van beskikbare grondvog tydens vestiging. Bandplaas maksimum 30kg N/ha tydens vestiging.
- Fosfor (P) - Indien breedwerpig gevestig, word geen P-bemesting aanbeveel nie. Indien in rye gevestig, mag 'n P-toediening van maksimum 10kg P/ha, gebandplaas, voordelig wees.
- Kalium (K) - Onnodig onder beweiding.

Nota: Grondontledings skakel raaiwerk uit!

2.4 Opsomming

- Besin oor die redes vir groenvoer in u produksiestelsel. Afronding van bemarkbare vee is die mees ekonomiese aanwending.
- Bestuur en benutting van grondwater is uiters belangrik. Kies en bewerk lande vir maksimum wateropberging.
- Wees bewus van dramatiese verskille tussen groenvoer soorte, groei-tipes en kultivars, en plant met die oog op u spesifieke voervloei-behoefte.
- Wees konserwatief met bemesting.